'n eie kultuur, 'n sort leefwyse wat net die man wat al roosterkoek geëet of rouleer-velskoene gedra het, met hom kan deel.

Só was dit en só sal dit altyd wees, al ontvolk die platteland nou ook tot by oom Daantjie in die kalwerhok, of al word the Afrikaner 'n stedelike penlekker en trokstoter.

Boere is ook al mense wat ek ken wat met ewe veel waardigheid langs 'n gannahout-vuur in die veld of in die deftigste hotel – met spierwit servet bo by die hempsboordjie ingedruk – sy spyse kan geniet.

Sonder allerhande fieterjasies of omstaan berei hulle 'n koninklike maaltyd voor en sit en eet plat op die hurke in 'n stal met 'n kan vaaljapie onder die kampbedjie en 'n runnikende perd hier langsaan.

By die afgelope Kaapse skou het ek 'n paar aande tussen die stalle rond-gekuier. Meer as veertig boere-vertoners het hier – sommige met huis en haard – tussen die bome vir die duur van die skou in stalle en buitekamers tuis gegaan. Sommige het tent opgeslaan en ander het hulself die weelde van 'n woonwa veroorloof.

**JOHAN VAN WYK**
**DIE BURGER – BYVOEGSEL 27 MAART, 1965**


-------oooooooOOOooooooo-------



# KAAPSE SKOU 1965

'n Verrassing wag vir elke perdeliefhebber wat vanjaar na die Kaapse tentoonstelling kom kyk, het maj. Piet Jooste, bestuurder van die tentoonstelling, gister gesê. Maj Jooste wou nie sê wat die verrassing is nie, maar na verneem word, is dit mnr R H Torr se span van agt Walliese ponies. Dit sal die eerste keer wees dat hierdie pragtige diere in Kaapstad optree. Die diere sal in 'n wa trek en ook in die hand vertoon word. (Die Burger)

*Although Major Jooste, the manager of the Cape Show, was not prepared to say what the surprise would be at the upcoming 1965 Cape Show, it was learned that it would be the first time that a Team of Eight would be exhibited at the show. Mr Bobby Torr of the Torbry Stud in Victoria West would be exhibiting his Team of Eight – shown here on the previous page.*


Die Burger

In addition, Bobby would be showing his newly imported stallion from the UK, Revel Society, which arrived at the Cape Town harbour in November 1964. Revel Society, shown above, is a young stallion which was foaled by Revel Spring Song in 1961 and was sired by the famous son of the imported stallion of Badgemore Stud's Coed Coch Seryddwr, Coed Coch Madog.